ELEOS neem elke jaar ongeveer 50 minderbevoorregte kinders op ‘n droomvakansie. Hierdie droom word waar gemaak deur ongelooflike vrywilligers en borge. So is Magda die afgelope 3 jaar behulpsaam en gee so baie van haarself om hierdie kampe moontlik te maak.

As jy vir Magda vra wat vir haar uitstaan, antwoord sy met trane in haar oë:

”*Die oomblikke wat my hart geruk het, was toe ‘n dogtertjie ‘n stukkie boerewors in ‘n servet toedraai vir haar Ouma by die huis; Die dag toe ’n seuntjie sy roomys in sy tas gaan bêre het om saam te neem huistoe vir sy boetie; Die dag toe klein Tony ‘n sak vol appels en lemoene huistoe smokkel, want by huis is daar niks nie*”.

Kindertjies wat nie weet hoe om ‘n mes en vurk te gebruik nie, want by die huis is daar nie ‘n tafel of eetgerei nie.

Kiddies wie se klere nooit gewas word nie. Hul klerekas is die hoek van ‘n wendyhuis en vandaar leef hulle. Dit breek mens se hart as ‘n kind sê: *“Tannie, ek weet nie wie my Pappa is nie”*. As hulle vertel van stukkend hartjies as gevolg van ouers se verkeerde keuses.

Maar hoe wonderlik… Wonderlik om te sien hoe hierdie kinders die afgelope 3 jaar geleer het om hulself te handhaaf. Hoe hulle die nuwe maatjies met trots leer om eetgerei te gebruik en opgewonde vertel waar hulle gaan slaap en spog oor die lekker, warm storte. Kinders wat sommer twee tot drie keer per dag wil stort en tandeborsel. Wat borde vol kos opskep want daar is genoeg vir 2de, 3de, 4de porsies!

Elke kamp word nuwe ervarings soos wildbesigtigingsritte, uiteet by Spur, waterwurms, nuwe woorde, nuwe sosiale vaardighede so saam met die reuk van skoon klere deel van hulle lewens… En deur alles sien ons die vordering van elke kind en dit is absoluut ongelooflik. Een ding weet ons verseker: **‘n Kamp maak ‘n verskil in hierdie kinders se lewe. Die saadjies word geplant…**

Wat Magda sê is so waar. Ek wens almal wat ‘n bydrae maak vir die kampe kan hierdie kosbare hartbreek-oomblikke ervaar. Maar al gee jy net ‘n paar rand, koop tandepasta of al borg jy net een kind, **weet jy maak ‘n verskil**. Ons kan dit nie sonder jou doen nie.